

## **Graan SA: Omdraaistrategie – Koringbedryf**

### **03 September 2015**

#### **Doel van Omdraaistrategie**

Die Wintergraan Werkgroep van Graan SA het 'n omdraaistrategie opgestel met die doel om die winsgewendheid van die koringbedryf op primêre vlak te verhoog en sodoende produksie te verhoog.

#### **Proses**

Die elemente van die strategie benodig die inkoop van al die rolspelers in die waardeketting, asook dié van die Dept Landbou. Vir hierdie doel is 'n spesiale vergadering op 6 Februarie 2015 gehou waarin die plan deur Mnr Andries Theron (voorsitter van Graan SA se Wintergraan Spesialiswerkgroep) voorgehou was. Die vergadering was baie goed bygewoon en het eenparig steun gegee aan die beginsels dat iets gedoen moet word om die bedryf te red. Selfs die Departement Handel en Nywerheid het die koringbedryf as “an industry in distress” verklaar en versoek dat daar so 'n plan opgestel word om die tariefbeleid te ondersteun. Die Dept Landbou se strategiese aksieplan het ook die koringbedryf uitgesonder vir spesiale aandag. Verskeie werksgroepe is gestig - elk met 'n opdrag en sperdatums. Die Wheat Forum se Steering Committee het verantwoordelikheid geneem om die proses te fasiliteer.

#### **Elemente van die Plan**

##### *1. Kultivarlys & Vrystellingsnorme*

Die Dept Landbou het alreeds aangedui dat die kultivarlys van die Wet/Graderingsreëls geskraap gaan word. Dit gee Graan SA geleentheid om die vrystellingsnorme weer te heronderhandel ten einde dit te verslap sodat daar meer ruimte vir opbrengsverhogings kan wees. 'n PhD student van die PUK het reeds sulke voorstelle in sy tesis vervat en behoort aanbevelings vir verslapping reeds vroeg in September 2015 op die tafel te wees. Die gedagte is dan om 'n nuwe sisteem se resultate onder die Plantverbeteringswet te publiseer. Daar is dus goeie vordering.

##### *2. Graderingsreëls*

Voorstelle is ingedien om 'n Supergraad met 13% proteïen bekend te stel. Daar is ook voorgestel om elke graad met 0.5% te verlaag en weg te doen met Graad B4. Hierdie voorstelle is deur almal aanvaar, maar weens die pakketbenadering (alles vorm deel van een voorstel) nog nie verder geneem nie. Die opbergers het wel aangedui dat hulle nie Supergraad noodwendig by elke silo sal kan aanvaar nie weens beperkte ruimte.

### 3. *Pryverskille tussen grade*

Graan SA het voorgestel dat die Mededingingskommissie (CC) genader word om die saak te mag bespreek. Die JSE (en die res van die mark) pas reeds 'n 4% en 8% prysverskille toe wat sedert die Koringraad se dae kom. Die Wheat Forum het ingestem en is in 'n proses om 'n dokument op te stel wat aan die CC voorgelê gaan word. Die Wheat Forum gaan vir die koste instaan. Daarby moet die Mededingingswet nie lig opgeneem word nie en is dit wys om eers uitklaring te kry alvorens daar voortgegaan word met die implementering. Hierdie is 'n poging om die opgradering by silo's te verminder sodat produsente die voordeel daarvan direk kan geniet. Die opbergers staan groot bedrae te verloor en dit bemoeilik die spoed van die vordering in hierdie verband.

### 4. *R100/ton diskonto op JSE vir buitelandse lewerings*

Hierdie is 'n toegewing wat Graan SA maak. Dit sal die invoerpariteit van sekere ingevoerde koring verlaag. Ons kan nie voortgaan om die toegewing te maak alvorens ons nie die voordele van die ander elemente gekwantifiseer en gewaarborg het nie. Dus staan die punt oor totdat daar konsensus oor die res verkry is.

### 5. *Gewaarborgde uitlaai kwaliteit*

Hierdie is 'n versoek van die kopers dat hulle kry wat hulle bestel en dat daar nie deur die opbergers op en/of afgegradeer mag word en die kopers moet maar net aanvaar en betaal nie. DIS 'N GROOT HAAKPLEK. Die Silobedryf sien nie hiervoor kans nie en sê die risiko is te groot. Hulle kan nie waarborg dat dit wat ingegradeer word, ook uitgelaai word nie. Hierdie element van die plan het alles tot stilstand gebring. Kopers is nie bereid om prysverskille en gradering aan te pas, tensy hierdie waarborg nie in plek is nie. Selfs 'n gedeeltelike waarborg vir 'n deel van die seisoen word tans ondersoek.

### 6. *End Point Royalty-sisteem*

Graan SA is in die proses om 'n sisteem te ondersoek om 'n statutêre heffing in te stel om fondse vir telers te bekom en dit te verdeel op 'n basis dat die telers wat die meeste kultivars in produksie het, daarvoor vergoed word. Die proses is alreeds ver gevorder en bykans gereed om by die NAMC ingedien te word. Daar is egter nie sin daarin om vir produsente meer geld te vra vir teling as die bedryf nie omgedraai word met die res van die elemente soos hierbo bespreek nie. Dus gaan ons die proses tot op nommer 99 neem en dan wag totdat Graan SA tevrede is dat die omdraaistrategie in plek is.

## **Status van die Proses**

Die proses is steeds goed aan die gang. Daar is al heelwat ooreenstemmings met van die elemente soos hierbo genoem. Ongelukkig word die plan as 'n geheel gesien en kan dit eers geïmplementeer word sodra alles ooreengekom is. Van die voorstelle het finansiële nadele vir van die rolspelers (bv opgradering vir silo bedryf) en vertraag dit die proses heelwat. Graan SA is nou in 'n poging om te kyk of daar nie tog van die elemente alreeds geïmplementeer kan word nie, maar dit bly moeilik. Ons is ook nie bereid om toegewings te maak met die hoop dat ander dit ook gaan doen nie.

**Graan SA**

**Wintergraan Werkgroep**

**03 September 2015**